higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1400**(A)**(M24)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# OPENBARE FINANSIES N6

(21010076)

**24 Mei 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die verdeling van die staatsbegroting impliseer dat sekere belastingpligtiges ...

A geregtig is op ’n gelyke aandeel van gesamentlike dienste.
B geregtig is op meer as ’n gelyke aandeel van gesamentlike dienste.
C nie geregtig is op enige gesamentlike dienste nie.
D geeneen van bogenoemde nie.

1.1.2 Belasting op toegevoegde waarde is ...

A inkomstebelasting.
B verbruiksbelasting.
C oordragbelasting.
D geeneen van bogenoemde nie.

1.1.3 Maatskappybelasting maak ... deel van die totale belastinginkomste op die vlak van die sentrale regering uit.

A die grootste
B ’n belangrike
C ’n klein
D geeneen van bogenoemde nie.

1.1.4 Die regering ken fondse in sy meertermynbegroting vir ’n ...-tydperk toe.

A driejaar
B eenjaar
C sesmaande
D geeneen van bogenoemde nie

1.1.5 Belangrike kenmerke van staatsbegrotings:

A Slegs deursigtigheid en aanspreeklikheid
B Deursigtigheid, aanspreeklikheid en die effektiewe finansiële bestuur van die ekonomie, skuld en die openbare sektor
C Slegs effektiewe finansiële bestuur
D Geeneen van bogenoemde nie

Kopiereg voorbehou 

1.1.6 ’n Departementsbegroting kan as ’n ... beskou word.

A bedryfsplan
B finansiële plan
C beleidsverklaring
D al bogenoemde opsies

1.1.7 Tipiese voorbeelde van uitgawes wat as toerustingbesteding geklassifiseer kan word, is ...

A salarisse.
B huiseienaarstoelaes.
C meubels.
D A en B.

1.1.8 Tipiese voorbeelde van uitgawes wat as personeelbesteding geklassifiseer kan word, is ...

A huiseienaarstoelaes.
B telefoonuitgawes.
C reisuitgawes.
D B en C.

1.1.9 Staatsbegrotings onderskei tussen die volgende kriteria:

A Bedrae wat ten opsigte van belasting betaalbaar is
B Bronne van finansiering
C Doel van besteding
D B en C

1.1.10 Staatsbegrotings moet vir ... voorsiening maak.

A verskillende soorte uitgawes
B regeringsinstellings
C bedryfs- en kapitaalbesteding
D al bogenoemde opsies

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Maatskappye betaal belasting op hul jaarlikse omset.

1.2.2 ’n Begroting kan as ’n bedryfsplan beskou word.

1.2.3 Belasting op eiendom kan beskou word as ’n belasting op die rykste of welvarendste mense van die samelewing, soos deur hul kapitaalbates weerspieël word.

1.2.4 Die koers van die belasting op toegevoegde waarde word deur die Reserwebank bepaal.

1.2.5 Die betaling van belasting word kragtens wetgewing afgedwing.

1.2.6 Belasting word namens die regering deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank verhaal.

1.2.7 Skenkings en eiendomsbelasting is die primêre bronne van staatsinkomste.

1.2.8 Belasting wat individue moet betaal, het ten doel om ander belastingbronne soos boedelbelasting en inkomstebelasting te beskerm.

1.2.9 Die bykomende begrotingstoekenning voorsien fondse vir ’n driejaartydperk.

1.2.10 BTW kan as ’n verbruiksbelasting beskou word.

(10 × 2) (20)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 ...-belasting is ’n proteksionistiese tarief wat ’n binnelandse regering hef op invoere wat hy dink onder billike markwaarde afgeprys is.

1.3.2 ... is die afkorting vir die lopendebetaalstelsel.

1.3.3 Die inkomstebelastingkoers word deur die ... bepaal.

1.3.4 Die ...-begroting is afdwingbaar totdat die hoofbegroting in werking gestel word.

1.3.5 ...-inkomste is die belastingbasis vir inkomstebelasting.

1.3.6 Betaalstaat-... word ten opsigte van werknemers as persentasie van hul salarisse gehef.

1.3.7 ’n ... is om doelwitte in finansiële terme te kwantifiseer.

Kopiereg voorbehou 

1.3.8 'n ...-begroting is die toekenning van fondse aan langdurige projekte.

1.3.9 Die belasting wat gehef word op die waarde van enige eiendom wat deur middel van ’n transaksie deur enige persoon verkry is, word ... genoem.

1.3.10 Die begrotingstoespraak word deur die ... aan die nasionale wetgewer aangebied.

(10 × 2) (20)

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 ’n Plaaslik beheerde maatskappy word ’n (binnelandse/buitelandse) maatskappy genoem.

1.4.2 Die gedeelte van inkomste of welvaart wat aan belasting onderhewig is, is die (belastingbasis/belastingkoers).

1.4.3 Belasting wat op persoonlike eiendom gehef word, staan as (hereregte/seëlreg) bekend.

1.4.4 Aksynsbelasting word dikwels (sonde-/eiendoms-) belasting genoem.

1.4.5 Die belastingstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word, is (standaard/progressief).

1.4.6 Heffings op ingevoerde produkte word (hereregte/inkomstebelasting) genoem.

1.4.7 Die finansiële eenheid van elke staatsdepartement moet ’n skriftelike (program/motiveringsverslag) saam met hul skattings indien.

1.4.8 (Maatskappybelasting/Persoonlike inkomstebelasting) is vir die meerderheid van die staat se inkomste verantwoordelik.

1.4.9 ’n Gedifferensieerde belastingstruktuur voorsien beperkte (sosiale verantwoordelikheid/inflasie).

1.4.10 (BTW/AVB) is verkoopsbelasting wat op elke opeenvolgende stadium van handel gehef word.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou 

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Nominale heffings | A | die hoeveelheid belasting wat 'n individu opdoen |
| 1.5.2 | Gebruikersheffings | B | die tyd wat vir die voorbereiding van finansiële state gebruik word |
| 1.5.3 | Ex-post-facto beheer | C | neem toe namate belasbare inkomste verhoog |
| 1.5.4 | Spanning | D | klein heffings wat onder die reële waarde betaal word |
| 1.5.5 | Inkomste | E | byvoorbeeld vir watervoorsiening |
| 1.5.6 | Persoonlike belasting | F | inflasie stoot inkomste op sodat 'n hoër belasting gehef word |
| 1.5.7 | Fiskale sleuring | G | gelde wat vir die gebruik van openbare dienste betaal word |
| 1.5.8 | Belastingaanspreeklik-heid | H | beheer ná die gebeurtenis |
| 1.5.9 | Fiskale jaar | I | politieke aspirasies |
| 1.5.10 | Verbruikerstariewe | J | staatsinkomste om in openbare uitgawes te voorsien |

(10 × 2) (20)

**[100]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 100**

## AFDELING B

## VRAAG 2

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Gee SES belangrike funksies van ’n begroting. | | (6 × 2) | (12) |
| 2.2 | Verduidelik die VYF hulpbronskedules in ’n begroting. | | (5 × 2) | (10) |
| 2.3 | Noem die VIER komponente van ’n bedryfsprogram. | | (4 × 2) | (8) |
| 2.4 | Bespreek kapitaalbegroting onder elkeen van die volgende opskrifte: | | | |
| | 2.4.1 | Definisie | | (4) |
| | 2.4.2 | DRIE tegnieke vir kapitaalbegroting | (3 × 2) | (6) |
| 2.5 | Verduidelik elkeen van die volgende terme: | | | |
| | 2.5.1 | Seëlreg | | |
| | 2.5.2 | Gebruikersheffings | | |
| | 2.5.3 | Aftrekkings | | |
| | 2.5.4 | Vrystellings | | |
| | 2.5.5 | Aansporings | | |
| | | | (5 × 2) | (10) |
| | | | | **[50]** |

## VRAAG 3

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | Die beginsels van goeie korporatiewe bestuur, wat op uitvoerende en administratiewe instansies van toepassing is, geld ook vir die plaaslike owerheid.<br>Noem en bespreek die TWEE soorte administratiewe beheermaatreëls. | | | (10) |
| 3.2 | Die openbare beskermer verwag van elke staatsdepartement om toerekenbaarheid ('accountability') te bevorder.<br>Bespreek hierdie stelling. | | (5 × 2) | (10) |
| 3.3 | Sit die stappe uiteen wat by die begrotingsiklus betrokke is. | | (4 × 2) | (8) |
| 3.4 | Noem die VIER soorte welvaartsbelasting en gee ’n voorbeeld van elkeen. | | (4 × 2) | (8) |
| 3.5 | Verduidelik die term *belastingkoers* betreffende ’n individu. | | | (2) |
| 3.6 | Onderskei tussen *subjekte van belasting* en *voorwerpe van belasting.* | | (3 + 3) | (6) |
| 3.7 | Gee DRIE noodsaaklike funksies van belasting. | | (3 × 2) | (6) |
| | | | | **[50]** |

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4**

4.1 Noem die VYF projekprioritiseringsklassifikasies vir kapitaalbegrotings. (5 × 2) (10)

4.2 Een van die hoofdoelwitte van die staatsbegroting is om welvaart te herverdeel.

Bespreek hoe dit bereik kan word deur op die Suid-Afrikaanse regering se perspektief te fokus. (5 × 2) (10)

4.3 Verduidelik die VYF faktore in die klassifikasie van die staatsbegroting in Suid-Afrika. (5 × 2) (10)

4.4 Dui DRIE belangrike funksies van aksynsbelasting aan. (3 × 2) (6)

4.5 Verduidelik waarom werknemers inkomstebelasting moet betaal. (4)

4.6 Noem en verduidelik die VYF hoofbestedingskomponente wat die begroting in die uitvoerstadium van die begrotingsiklus kontroleer. (5 × 2) (10)

**[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 200**

Copyright reserved